Van Naboom tot in Duitsland

Wat gee daartoe aanleiding dat 'n relatief gewone mens een oggend opstaan en vir homself sê dat hy sonder ondersteuningsvoertuie met 'n motorfiets deur Afrika tot in Duitsland wil ry?

Miskien is dit Paulo Coelho se *The Alchemist* wat die deurslag gegee het. Die mens het 'n innerlike weerstand om uit jou gemaksone te breek.

In *The Alchemist* het ek gelees: "Life is truly good to those who pursue their life destiny" en die uur breek aan om aan my drome vlerke te gee. Ek het my kalender geneem en Saterdag 15 Maart 2008 omkring. My bestemming is Langenselbold, Duitsland – en my reis sal drie maande duur.

Dertien maande lê tussen die besluit en die vertrekdatum. Die speserye wat die reis geur, is die voorbereidinge vooraf.

Ek gaan die tog met 'n Kawasaki KLR650 aanpak vanweë sy lae gewig, groot brandstoftenk en sy eenvoud.

Die roetebeplanning het my reislus sonder remme laat voortstu. Die bekoring van verre streke het al hoe harder begin roep.

Die bekoring om die Suiderkruis elke nag laer oor die suiderhorison te sien, het my vasgevang en nie weer gelos nie. So het ek op die naam van my reis gekom: Met my rug na die Suiderkruis.

Die moeilikste deel van die roete sal moontlik Soedan en die woestyn noord van Khartoem wees.

Woestynfoto's van motorfietsryers het my laat besef dat ek baie in sand moet oefen. Die Waterberg was my oefenveld. Sondae het ek kruis en dwars deur ons Bosveldparadys gery om my grondpadvoete te vind. Ek is ook Zimbabwe toe en daarna saam met twee bosvriende, Jacques en Estelle Roos, na Botswana. Vir twee dae was ek net in eerste en tweede rat in die sand – met een oog op die talle olifant- en leeuspore.

Nou bly eintlik min oor om te organiseer. Al die inentings, visums en doeanevorms handel ek binnekort af. Ek is besig om kwotasies te kry om my fiets weer in Suid-Afrika te kry. My terugvlug vanaf Frankfurt is reeds vir 14 Junie 2008 bespreek.

Hoekom onderneem ek die rit?

Ek wil nie rekords opstel vir die vinnigste, stadigste, gevaarlikste of makste rit deur Afrika nie.

Ek glo aan die inherente goedheid van elke mens en ek wil met dié reis vir myself en ander wat my tog op die internet volg, bewys dat Afrika die vreemdeling, die langafstandreisiger, met ope arms verwelkom.

> **Ek wil die aand as ek die Suiderkruis vir die eerste keer nie meer kan sien nie, 'n weemoedige traan afvee omdat ek so ver van die huis af is.**

En ek wil die aand as ek die Suiderkruis vir die eerste keer nie meer kan sien nie, 'n weemoedige traan afvee omdat ek so ver van die huis af is.

Lodie de Jager, Mookgopong (Naboomspruit)
(www.naboom2germany.co.za)

pret
kwaliteit
elegant
koos kombuis
struktuur
balans
vrug
verfris

BEYERSKLOOF
021 865 2135

BosstorieNOV.indd 9 10/1/07 3:25:30 PM